

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
31 Julie 1977

Onderwerp: Die Lam van God

Lees: Exodus 12 verse 1 tot 14  
Teks: Exodus 12 vers 5  
Sing: Psalm 33 vers 1  
Gesang 100 vers 2  
Gesang 105 vers 4

“Die boek Exodus is ’n dinamiese boek. Dit handel oor die uittog uit Egipte, wat moontlik gemaak is deur die tydige ingrype van God in die lotsgevalle van sy volk. Dit was ’n uittog wat niks minder was as ’n verlossing uit die bande van slawerny nie. Dit was vir Israel die grootste bewys van God se genade aan sondaarmense.

“Die boek Exodus is ’n boek wat troos, maar ook waarsku. Dit troos in die opsig dat ons in die donkerste nood op uitkoms mag wag. Terselfdertyd waarsku dit ons, dat ons nooit in selftevreidenheid in hierdie wêreld mag bly sit nie. Die mense van God is op pad. ’n Christen mag nooit dink dat hy in hierdie lewe reeds gearriveer het nie. Eintlik moet ’n mens Exodus nie sittend lees nie, maar staande, net soos die Jode die Pasga moes eet. Hulle moes reisvaardig wees, gereed om die slawehuis sonder versuim te verlaat.

“Israel het in Egipte die mees vernederende omstandighede belewe. Die heidense Farao’s het die volk van God genadeloos mishandel. Hoe meer Moses en Aäron probeer het om die heidense heerser te beweeg om die volk te laat trek, hoe meer het hy sy hart verhard. Toe het God nege plae gestuur om die Egiptiese vors tot besinning te bring, maar sonder sukses. Uiteindelik het daardie tiende en die verskriklikste van die plae hulle getref. Al die eersgeborenes het gesterf. God het Egipte hard geslaan.

“Intussen het die volk hulle, op Moses se bevel, gereed gemaak vir die groot gebeurtenis. ’n Lam is geslag en die bloed is aan die deurposte gestryk. Toe die doodsengel gekom het, het hy verbygaan by die huise waar die bloed aanwesig was: ‘Maar die bloed sal vir julle ’n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan.’ (Ex 12:13)

“En só het dit gebeur. Terwyl die Egiptenare geween en gekla het oor die verskrikking van die dood van hulle dierbares, het Israel weggetrek na die land van verlossing, wat deur God aan hulle toegesê is. Die teken van hulle verlossing was ’n lam sonder gebrek. En elke jaar by die Paasfees moet die Jode opnuut aan hulle verlossing dink en God verheerlik met die slag en eet van ’n Paaslam.

“Die geskiedenis van Israel in slawerny is ook die verhaal van die mens deur die eeue. Die geskiedenis van die mensheid is een lang tragedie, ’n voortdurende worstelstryd teen die mag van die Bose en die ongeregtigheid. Die mens het uit homself alles probeer om vry te kom, maar alle mensgemaakte pogings eindig in ontbering en eensaamheid. In hierdie toestand van sonde is die mens ’n magtelose gevangene. Alleen God se ingrype kan Israel en die mensdom van alle eeue uit die slawerny van sonde verlos. Alleen die Messias, die Lam van God, ons Heiland, kan ons verlos en ons stukkende lewens heel maak.

“Vanmôre wil die Nagmaal hierdie waarheid in ons harte kom ingraveer. Wanneer die mens in sy diepste ellende verstrengel is, dan verskyn Jesus Christus, die Seun van God. Hy is die Lam van God, sonder gebrek en sonde, wat geslag is en Wie se bloed aan die kruis van Golgota gevloei het. Dit is van Hom dat Jesaja gesê het: ‘Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.’ (Jes 53:5)

“Hierdie Lam, ons Paaslam, bevry en verlos ons en skenk aan ons die belofte van saligheid tot in ewigheid. Hy is die vlekkelose, volmaakte Lam van God. Hy is God self wat na die mens neergedaal het.

“Broers en Susters, waar sy bloed aan die deurpos van die hart geveer is, daar sal die doodsengel verbygaan. Daar word die sondaar gered van die ewige dood, die tweede dood. Maar waar sy bloed nie is nie, daar neem die doodsengel die mens weg na ’n ewige rampspoed, na die plek waar dit vir ewig té laat is.

“Vanmôre steek God in Christus Jesus sy deurboorde hande na elkeen van ons uit. Deur die Nagmaal kom verseker Hy ons van die waarheid: Net Jesus Christus kan verlos en bevry. Hy is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.

““Jesus U versoenend sterwe

““bly die ruspunt van ons hart.

“As alles ons hier begewe  
“bly U liefde ons by in smart.  
“Ja, wanneer my oog eens breek,  
“sterwingsangs my laat verbleek  
“laat u bloed my hoop herlewe:  
“U het al my skuld vergewe.’  
“Amen.”

Kommentaar:

Dominee Bester se handskrif is nie altyd duidelik nie.  
Die derde reël mag wees:

“As ons alles hier moet derwe.’

